*Historia*, 51, 1, Mei 2006, pp 141-162.

# Anatomie van 'n Teologiese Ideologie: Die Hervormde Kerk se Steun aan die Apartheid Ideologie

***Ernst Wolff***[*]

... la lutte de l'homme contre le pouvoir est la lutte
de la mémoire contre l'oubli.[1]

## Inleiding

In sy beskrywing van die ontstaan en ondergang van die apartheidstaat, in *The Afrikaners. Biography of a People*, skenk Hermann Giliomee aandag aan die rol van die kerk in hierdie belangrike era van die Afrikaner se geskiedenis. Hy verdedig die tese waarvolgens die korpus van idees wat later deur die Nasionaliste as die beleid van afsonderlike ontwikkeling geïnstitusionaliseer is, uit die gedagtewêreld van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendingbeleid afkomstig is[2]. Ook wat die ontwikkelings na 1948 betref, laat Giliomee nie na om die rol van die kerk as meningsvormer en as steun aan die heersende ideologie uit te wys nie – hoewel dit ooglopend nie die fokus van sy aandag uitmaak nie.

Dat 'n bespreking van apartheid nie sonder verwysing na die rol van die Afrikaanse Calvinistiese kerke kan gaan nie, spreek vanself, en daarin het Giliomee reg, maar dit blyk duidelik uit sy teks dat wanneer hy praat van die "Dutch Reformed Church", dit gaan oor die Nederduitse Gereformeerde Kerk en dat die ander twee "susterskerke" op die agtergrond bly. Uiteraard kan hierdie voorkeur verstaan word – nie net is die Nederduitse Gereformeerde Kerk veel groter as die twee susterskerke nie, maar was die band tussen die staat en die Nederduitse

* Ernst Wolff doseer filosofie aan die Universiteit van Pretoria. Sy werk dek hoofsaaklik hermeneutiek, godsdiensfilosofie en die filosofie van tegniek. Hy doen ook navorsing oor twintigste-eeuse kontinentale filosofie. Hierdie artikel is 'n verwerking van die tweede deel van 'n voordrag gehou by 'n simposium van die Komitee vir Kultuurkritiek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, wat gehou is op 20 September 1999. Die eerste deel daarvan is vroeër reeds gepubliseer (verwysing volg later) en moet hiermee saam gelees word. Die skrywer het aan hierdie simposium deelgeneem op uitnodiging van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

1. "...die stryd van die mens teen mag is die stryd van die geheue teen vergeet." M. Kundera, *Le livre du rire et de l'oubli* (Gallimard, Paris, 1985).
2. Die betoog vir hierdie oortuiging word veral uitgewerk in Hoofstuk 13, "The making of a radical survival plan", *in* H. Giliomee, *The Afrikaners. Biography of a People* (Tafelberg, Cape Town, 2003), veral pp 454-457.

Gereformeerde Kerk ooglopender as wat die geval met die ander twee was.[3] Hy betrek soms wel die ander kerke en dít op ŉ belangwekkende manier. Ná die Cottesloe-voorval van 1960-1961, sê hy: "all of the Afrikaans churches until 1986 refrained from any criticism of apartheid", asook: "The Afrikaans churches sounded no prophetic warning about the dangers of white power and white privilege", en weer: "By the mid-1970s the Afrikaner people, party and church were still closely aligned ... the Afrikaans churches still offered no fundamental criticism of apartheid."[4]

Terwyl mens in redelikheid nie van Giliomee kon verwag om oor alles te skryf nie, vra die enormiteit van hierdie refrein oor die verbintenis van die Afrikaanse kerke tot apartheid om ŉ kritiese ondersoek. Is Giliomee se bewering korrek en, indien wel, wat is die aard van hierdie verbintenis? Die doel met hierdie artikel is om ŉ antwoord op hierdie vrae as't ware in die kantlyn van Giliomee se boek te skryf, vir sover dit gaan oor die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA). Hierdie kerk word in *The Afrikaners* eintlik net in die verbygang genoem[5].

Die studie lewer bepaalde probleme op. Hiervan is die belangrikste die karige historiografiese aktiwiteit binne die geledere van hierdie kerklike gemeenskap, vir sover dit oor die twintigste-eeuse geskiedenis gaan[6]. Verder, sedert die einde van apartheid, het die NHKA nie

---

3. Sien in hierdie verband: J. Kinghorn (red.), *Die NG Kerk en Apartheid* (MacMillan, Johannesburg, 1986).
4. Giliomee, *The Afrikaners*, pp 528, 559, 580.
5. Afgesien van bogenoemde implisiete verwysings, sien Giliomee, *The Afrikaners*, p 456, waar gestel word dat die NHKA in beginsel geen sendingwerk gedoen het nie (en dus by implikasie nie noodwendig in harmonie sou wees met die Nederduitse Gereformeerde Kerk se sendingbeleid wat volgens hierdie werk vormend was van die apartheidsdenkraamwerk nie), asook p 484, waar melding gemaak word van die NHKA se deelname aan die konferensie oor die rasse-kwessie wat in 1950 deur G.B.A. Gerdener georganiseer is.
6. Dat die kerk uit vele oorde by apartheid betrek of van rassisme beskuldig word, is algemene kennis. Dit geld hoe langer hoe meer ook vanuit eie geledere. Die vroeë kritiese standpunte van onder andere proff. Adrianus van Selms, Albert Geyser en Jimmy Loader verdien besondere vermelding. In die 1990's het ŉ paar belangwekkende polemieke met Artikel III, die rasklousule uit die voormalige kerkwet, en die onderliggende idee van die "volkskerk" in die *Hervormde Teologiese Studies* verskyn. Voorbeelde is: I.W.C. van Wyk, "Nog geslote eredienste? I", *Hervormde Teologiese Studies*, 50, 3, 1994, pp 755-779; I.W.C. van Wyk, "Nog steeds geslote eredienste? II", *Hervormde Teologiese Studies*, 50, 4, 1994, pp 1070-1093; P. van Staden, "Mag 'slegs blankes!' hier aanbid?", *Hervormde Teologiese Studies*, 50, 3, 1994, pp 713-729;

geleenthede gebruik of gemaak om die wêreld te antwoord op die vrae wat deur die tyd aan alle Suid-Afrikaanse, maar miskien veral Afrikaanse instellings gestel is oor die steun aan apartheid nie.[7] Toe daar vanuit eie geledere later op die vyf-en-sestigste Algemene Kerkvergadering (1998) besluit is om ondersoek in te stel na die moontlikheid van ŉ skuldbeleidenis, kon die studiekommissie oor hierdie aangeleentheid nie tot ŉ vergelyk kom nie en die uiteindelike besluit van die Algemene Kerkvergadering het gevolglik nie veel oor die kerk se verhouding ten opsigte van sy vroeëre politieke posisionering opgelewer nie.[8]

---

P. van Staden, "Woordverkondiging: ŉ Universeelgerigte aksie", *Hervormde Teologiese Studies*, 50, 4, 1994, pp 1041-1069. E. van Eck se twee studies moet ook hierby gereken word: "J.H.J.A. Greyvenstein en A.S. Geyser se teologiese denke oor die volkskerkgedagte", *Hervormde Teologiese Studies*, 51, 3, 1995, pp 825-850 en "Maaltye as seremonies in die Markusevangelie: ŉ Sleutel om J.H.J.A. Greyvenstein en A.S. Geyser se denke oor die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as volkskerk te evalueer", *Hervormde Teologiese Studies*, 51, 4, 1995, pp 1114-1126. Sonder om die historiese dossier van sy kerk se eventuele skuld uit te werk, maar duidelik onder die oortuiging van sodanige skuld, ondersoek professor I.W.C. van Wyk die vraag: "Moet die Afrikaanse kerke skuld bely oor apartheid? Wat leer ons uit die Duitsers se worsteling met skuld?", *Hervormde Teologiese Studies*, 53, 4, 1997, pp 1399-1436.

7. Die NHKA word betrek in die uiteindelike konklusie van die Kommissie vir Waarheid en Versoening (WVK): "The Afrikaans Reformed churches were widely identified with Afrikaner nationalism and held to be complicit in apartheid" (*Truth and Reconciliation Commission of South Africa Report*, 4, 1998, p 62). Onder die opskrif "Faith communities as agents of oppression" word die bevindings onder twee hoofde uiteengesit, naamlik "(1) Acts of commission and legitimisation (active support of state policies and agents, involvement in state structures, suppression of dissents, internalising racism, propagating 'state theology', [met spesiale verwysing na die kapelaansdiens as venster op kerk-staat verhoudings])" en "(2) Acts of omission (avoiding responsibility, lacking courage, failure to translate resolutions into action, failure to support members who were involved in anti-apartheid activities)" – alles waarby die NHKA dus betrokke sou wees. Die NHKA het nie op die herhaalde uitnodigings van die WVK om aan die voorleggings deel te neem, gereageer het nie, volgens ŉ persoonlike mededeling van professor Piet Meiring. Die kerk se onvermoë om ŉ neutrale standpunt teenoor die WVK in te neem, word verklap deur die voorbladartikel van die *Hervormer* van 15 Augustus 1999, met die titel "WVK-verslag het waarheid verdraai". Dit het die amptelike mondstuk van die NHKA minder as twee weke geneem om die kerk op hoogte te bring met die kritiese werk van Anthea Jeffrey oor die WVK, naamlik *The Truth about the Truth Commission* (South African Institute for Race Relations, Braamfontein, 1999).

8. Sien die *Besluitebundel van die ses-en-sestigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerkvergadering,* pp 170-174. In die *Agenda vir die ses-en-sestigste Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerkvergadering* is daar wel "Memoranda: ter toeligting van die standpunt oor skuldbelydenis (Bylaag E)" opgeneem.

Dit blyk dus dat hierdie ondersoek nog geloods moet word. Dit sal hier gedoen word by wyse van ŉ teksstudie. Die amptelike dokumente wat deur die kerk tussen die laat 1950's en 1980 geskryf is om sy beleid en oortuigings aangaande die situasie in Suid-Afrika aan sy lede, aan die breër gemeenskap en selfs aan die internasionale gemeenskap te verduidelik, sal die primêre bronne van die ondersoek uitmaak. Deur so ŉ teksstudie kan hierdie ondersoek geöriënteer word deur die vraag hoe die NHKA sy eie standpunt gestel en sy eie posisie verstaan het. Met sy teks-immanente klem en tematiese uiteensetting, sal hierdie ondersoek egter nie die historiese ontwikkeling van die temas wat hier geanaliseer word, misken nie.

Dit gaan dus hier in die eerste plek oor ŉ interpretasie van selfverstaan. Die huidige ondersoek is teoreties voorberei deur ŉ besinning oor die rol van stories (verhale, sowel as geskiedenis) in ŉ

---

Hiervan is twee van historiografiese belang (en verteenwoordigend van twee wyd uiteenlopende stanpunte), naamlik J.J. Steenkamp se "Skuldbelydenis oor apartheid? ŉ Geskiedkundige perspektief" en J.L.P. Wolmarans se "Skuldbelydenis oor apartheid: die Hervormde Kerk". Die twee memorandum-opstellers is dit eens dat die NHKA betrokke was by apartheid, maar verteenwoordig onderskeidelik die pro- en die contra-beoordeling daarvan. Steenkamp betoog: "Rasseskeiding was vir die kerk ŉ etiese beslissing wat poog om aan die twee eise van die dekaloog, naamlik billikheid en liefde te beantwoord vir alle groepe" (p 7). Die hoofsaak van sy verslag handel egter oor die billikheid van apartheid vanuit die perspektief van die staat en kom tot die gevolgtrekking: "Die hele stryd oor [lees: teen] apartheid of afsonderlike ontwikkeling gaan dus nie oor stemreg, menseregte, diskriminasie of onderdrukking nie, maar oor geld; nie geld vir Suid-Afrika se mense nie maar geld vir die Noord-Atlantiese industrienasies [...] En wat daaruit volg: As die kerk skuld sou bely oor apartheid, word dit makliker om onder andere die blankes van hulle plase en dus ook minerale regte te ontneem deur nasionalisasie en grondeise. [...] Om van die kerk ŉ skuldbeleidenis te verwag, is om die kerk deel te maak van bedenklike politiekery om die Afrikaner te degradeer van ŉ vrye onafhanklike volk tot die tegniese en finansiële slawe van die swartman wat in arrogante inkompetensie slegs 'demand'." (pp 21-22). Wolmarans se kort teologies-historiese aanbieding van die NHKA se apartheidgeskiedenis (pp 8-12) bevat slegs enkele verwysings na die kerk se amptelike dokumente en is dus nie van veel waarde vir hierdie ondersoek nie. Hy kom egter tot ongeveer die selfde oortuigings as wat ek hier in groter detail uitwerk. Anders as met die oogmerk van hierdie twee memoranda, skenk ek nie aandag aan die vraag oor skuldbelydenis nie. My eie voordrag waarna ek hierbo verwys en wat die essensie van die huidige artikel vervat het, is in 1999 in die publiek voorgedra, maar onder skandalige omstandighede van publikasie weerhou. Dit het dus waarskynlik geen direkte uitwerking op verdere ontwikkeling van hierdie probleem in die NHKA gehad nie.

gemeenskap. Die sosio-kritiese narratiewe perspektief wat ek veral in aansluiting by Jaismann, Kuhn, Gadamer en Lyotard ontwikkel het, is gepubliseer in die artikel *Wanneer klop jy jou pyp op jou velskoen uit? Oor stories en kultuurkritiek*[9]. In laasgenoemde studie het ek my ook verantwoord oor die breër konteks van nasionalisme en rassisme, wat die narratiewe en ideologiese agtergrond van die huidige opstel skets. ŉ Kort heropname van Johan Degenaar se raamwerk vir die interpretasie van verskyningsvorme van nasionalisme(s) in Suid-Afrika is egter nodig ten einde die brug te slaan tussen my vorige ondersoek en die huidige.[10]

## Afrikanernasionalisme: Evolusie en Konseptuele Klaring

Die polities-historiese konteks waarin die kwessie van die NHKA en apartheid afspeel, is dié van Afrikanernasionalisme. Ten einde hierdie konteks in sy meerduidige kompleksiteit te verstaan, rig ek my aan die hand van Johan Degenaar se omskrywing:

> Nasionalisme is ŉ ideologie waarvolgens prioriteit gegee word aan ŉ groep mense se strewe na politieke selfbeskikking, met die gevolg dat die hoogste politieke lojaliteit van die burger uiteindelik aan die nasie toekom. Afrikaner-nasionalisme is bogenoemde ideologie soos toegepas op die Afrikaner; *eerstens*: in ŉ ruim sin, as so ŉ sisteem van idees wat oor ŉ lang tydperk onstaan het, en *tweedens*: in ŉ enger sin, as ŉ sisteem van idees wat met politieke, sosiale en ekonomiese ontwikkelings in die eerste helfte van die 20e eeu verband hou. ŉ Ideologie is ŉ handeling-gerigte sisteem van idees wat bewustelik en onbewustelik funksioneer op die wyse waarop ŉ groep mense hul ervaring verstaan, hul politieke gedrag reguleer en hul belange beskerm.[11]

Die metanarratief van Afrikanernasionalisme moet dus volgens Degenaar in ŉ ruimer en ŉ enger sin verstaan word:

---

9. Gepubliseer in *Hervormde Teologiese Studies*, 56, 4, 2000, pp 1200-1222.
10. Uiteraard was daar sedert Degenaar se omskrywings van nasionalisme heelparty nuwe verwikkelinge op die front van ideologiekritiek (onder meer met betrekking tot die ideologiese aspek van alle teologie), maar vir die doeleindes van hierdie artikel, word volstaan by die nuttige oriëntasie wat Degenaar voorsien het.
11. J.J. Degenaar, “Afrikaner-nasionalisme”, *in* W.P. Esterhuyse, P.V.D.P. du Toit en A.A. van Niekerk (reds.), *Moderne Politieke Ideologieë* (Southern, Johannesburg, 1987), pp 231-260 (aanhaling, p 234). Hy definieer “Afrikaner” op dieselfde bladsy as “ŉ wit Suid-Afrikaner wie se moedertaal Afrikaans is”, en voeg die verduideliking by: “Voor die 20e eeu moet ons eintlik praat van Hollandse Afrikaners en onthou dat blankheid eers in die 20e eeu ŉ kwalifikasie geword het.”

> Afrikaner-nasionalisme in die ruimer sin verwys na die sisteem van idees waarvolgens die Afrikaner homself oor ʼn lang tydperk verstaan het in situasies wat as sentrale voorbeelde van ʼn groepsbewyssyn onder Afrikaners geïnterpreteer kan word. In die enger sin, slaan Afrikaner-nasionalisme op ʼn ideologiese beweging wat aan die begin van die 20e eeu ontstaan het en verband hou met ʼn verskeidenheid faktore soos die gemeenskaplike herinnering van die Afrikaner se geskiedenis, maar dan binne die ekonomiese en institusionele konteks van daardie tyd.[12]

Nasionalisme het sodanig by die Afrikaners ontwikkel dat dit die vorm van ʼn *volksnasionalisme* aangeneem het.

> Volksnasionalisme is ʼn vorm van nasionalisme waarin die groep mense wat die hoogste politieke lojaliteit aan die nasie (nasionale staat) laat toekom, hulself sien as ʼn volk met kulturele eienskappe wat *eksklusief* is ten opsigte van ander volke. Volgens volksnasionalisme moet die nasionale staat ʼn politieke organisasie wees, gegrond op ʼn *kultuur-homogene* groep mense. So ʼn vorm van nasionalisme lei onvermydelik tot ʼn *politisering van die volkskultuur*.[13]

Die geïnstitusionaliseerde ideologiese keerkant van hierdie volksnasionalisme vind ons in die beleid van afsonderlike ontwikkeling, waarvan die volksnasionalisme as deel van die motief en regverdiging optree. Onder invloed van binne- en buitelandse faktore, vind ʼn verdere metamorfose in die identiteitskonsepsie van die Afrikaner-volksnasionalisme plaas, wat Hermann Giliomee soos volg vertolk:

> Die Afrikaner word gesien as ʼn lid van ʼn (blanke) bevolkingsgroep wat al hoe meer deel word van ʼn (blanke) Suid-Afrikaanse nasie saam met ander blanke etniese groepe. Hierdie *blanke* identiteit word versterk deur die bevoorregte posisie wat die Afrikaner deel met ander blankes. Ten einde hom in hierdie bevoorregte posisie in te grawe, is die hulp van ander blankes nodig en gevolglik is daar ʼn verskuiwing van etniese identifikasie tot rasse-identifikasie.[14]

In my genoemde artikel het ek bogenoemde ontwikkelinge vertolk as ʼn klemverskuiwing wat geleidelik intree van ʼn Afrikanernasionalisme in die ruimer sin – as ʼn min of meer legitieme strewe na selfbeskikking – na Afrikanernasionalisme in die enger, ideologiese sin – ten koste van ander groepe in die plurale samelewing. Gelyktydig hiermee verander die

12. Degenaar, "Afrikaner-nasionalisme", p 233.
13. Degenaar, "Afrikaner-nasionalisme", p 239 (outeur se kursivering).
14. Aangehaal in Degenaar, "Afrikaner-nasionalisme", p 248.

funksie van die volkskonsepsie, van simbool van trots en emansipasie na ŉ simbool van onderdrukking. Nasionalisme word geïnfesteer met, en uiteindelik ondermyn deur ŉ groeiende pragmatisme onder Afrikaners en die beklemtoning van ras en rasidentiteit.

In die lig van hierdie oriëntasie ten opsigte van die verskyningsvorme van nasionalisme by die Afrikaners, moet nou gevra word tot watter mate hierdie ook die verhaal van die NHKA is.

## Kerk en Volk

Om te sê dat die NHKA hom met die Afrikanervolk identifiseer, benodig beswaarlik enige motivering. Die kerk se Algemene Kerkvergadering het in 1973 verklaar dat die NHKA "eintlik al voor die geboorte van die Afrikanervolk baie eng met hom verbonde was", en "Niemand sal die kerk wat so nou verbonde is aan hierdie volk kan verkwalik of van onskriftuurlikheid beskuldig as hy die eiendomlike wat God aan die volk, uiterlik en innerlik, gegee het wil bewaar, beskerm en bestendig nie."[15] Die NHKA roep ook die lidmate dienooreenkomstig op om die swaar verworwe erfenis nuut toe te eien en te bewaar. Volksidentiteit is nie net ŉ gegewe nie, maar ook ŉ taak[16]. T.F.J. Dreyer se "Welkomingswoord" tot die eerste uitgawe van die *Hervormde Teologiese Studies* (HTS), die Hervormde Teologiefakulteit se vaktydskrif, was reeds sprekend van die oortuiging dat die kerk en teologiese denke tot die geslaagdheid van die volk se bestaan bydra: "Die rigting wat die Teologie inslaan is van

---

15. "Herderlike skrywe van die Algemene Kerkvergadering van 1973" (voortaan "Herderlike Skrywe 1973"), opgeneem *in* D.J.C. van Wyk (red.), *Stemme uit die Verlede. Volkereverhoudings in Suid-Afrika* (HAUM, Pretoria, 1978), pp 258-272 (aanhalings, pp 262-263). In die bronnelys van hierdie bundel (pp 281-284) word die omstandighede waaronder die amptelike dokumente wat ek daaruit aanhaal, ontstaan het, kortliks geskets.

16. "Ons dring by die Afrikanervolk, die volk waarbinne die Nederduitsch Hervormde Kerk in die eerste plek leef en werk, daarop aan dat hy sy erfenis, wat met groot stryd en taaie volharding vir hom bewaar is, kosbaar sal ag, sy identiteit as volk in wie se geskiedenis die belydenis van die Christelike geloof so ŉ groot rol gespeel het, met alles in sy vermoë sal verdedig, en dat hy alles feil sal hê vir die behoud van dié lewenswaardes wat hulle grond en krag in die geloof het; dat hy, wat self soveel miskenning en leed ervaar het in sy strewe na vryheid en selfbeskikking, en dit nog steeds ervaar, op geen wyse deelagtig sal wees daaraan dat die ander volke in ons land in hulle weg na selfvervulling belemmer sal word nie." (En soos ons sal sien, moet laasgenoemde oproep polities uitgeleef word volgens die beleid van afsonderlike ontwikkeling). "Getuienis" opgestel deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Januarie 1977 (voortaan "Getuienis 1977"), opgeneem *in* Van Wyk (red.), *Stemme uit die Verlede*, pp 274-279 (aanhaling, p 276).

verbasend groot belang nie net vir die Kerk nie, maar ook vir land en volk. Die Teologie oefen invloed uit op die karakter en sedes van ŉ volk, selfs op die staatkunde."[17] Ons sou dus kon sê dat die NHKA sigself deel voel of deel wil wees van die Afrikanernasionalisme in die ruimer sin van die woord. Uit hierdie perspektief sou dit eerstens beskou kan word as styl van die pastorale betrokkenheid van die kerk by sy lidmate, maar tweedens ook as die logiese begin van burgerlike godsdiens (ek sê "logiese begin" omdat die twee vorme van Afrikanernasionalisme vir ŉ lang tyd parallel loop en die eerste altyd die voedingsbron van die tweede is).

Dit bring ons by die NHKA se betrokkenheid by ideologiese Afrikaner-volksnasionalisme. Oberholzer voer aan dat die verhouding tussen kerk en volk in die NHKA tot ten minste 1942 beskryf kan word as "ŉ verhouding van solidariteit maar [met] ŉ uitdruklike afkeer aan politieke betrokkenheid – teenoor die verskynsels van enersyds ŉ teologiese politiekery en andersyds voortdurende eise aan die regering om deur middel van wetgewing ŉ samelewing af te dwing wat in die oë van die kerk gewens is."[18] In die tydperk vanaf die 1950's het die perspektief op die verhouding tussen kerk en volk/staat verander. In twee dokumente waarin die kerk se posisie verdedig is en waar die kerk duidelik aan die woord was, is die volgende uitsprake gemaak in verband met die swart bevolking: "We have helped them to develop their own territories. We are still spending millions yearly for this purpose"[19] en "We have added thousands of acres of land belonging to us to their areas."[20] Het die NHKA egter ooit tuislande ontwikkel, of miljoene gehad om daaraan te spandeer, of die politieke posisie of eie grond besit om aan ander mense se gebiede te voeg? Uiteraard nie – dit kan net die staat wees wat hierdie dinge gedoen het. Die gebruik van "we" in hierdie dokumente getuig dus van ŉ totale identifisering van die kerk met die staat. Elders is die kerk-staat verhouding as volg verwoord:

---

17. T.F.J. Dreyer, "Welkomingswoord", *Hervormde Teologiese Studies*, 1, 1943, pp 2-3 (aanhaling, p 2).
18. J.P. Oberholzer, "Teologiese eie-aardigheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk: Vrae en Nuanses", *Hervormde Teologiese Studies*, 49, 4, 1993, pp 870-886 (aanhaling, p 879).
19. "Ons antwoord aan The Free Church Federal Council in Engeland", aanvanklik gepubliseer in die *Hervormer*, koerant van die NHKA, Desember 1960 (voortaan "Antwoord aan Free Church"), *in* Van Wyk (red.), *Stemme uit die Verlede*, pp 211-213 (aanhaling, p. 212).
20. "Ons antwoord aan die Presbyterian Church", aanvanklik gepubliseer in die *Hervormer*, Januarie 1961 (voortaan "Antwoord aan Presbyterian Church"), *in* Van Wyk (red.), *Stemme uit die Verlede*, pp 214-218 (aanhaling, p 217).

> Continually informing the government on its God-ordained position and counseling on good government is the primary task of the prophetic apostolic action, while criticism of government actions is never more than a secondary task. Sinking to the level of becoming the professional fault-finder within the state, can only be detrimental to the prophetic office of the church. Criticism should follow in the way of information and counsel, and not precede it.[21]

In 1973 is egter gesê:

> Ons kerk erken en aanvaar sy verantwoordelikheid teenoor die owerhede, maar hy stel ŉ ontsaglike hoë prys op sy vryheid en wil nie gekompromitteer wees met enige partypolitieke denkrigting wat sy vryheid tot getuienis aan bande kan lê nie.[22]

Dit mag dus wees dat daar van die 1950's na die 1980's ŉ geleidelike verandering van oortuiging oor hierdie saak ingetree het.

## Die NHKA en die Beleid van Afsonderlike Ontwikkeling

Wat egter duidelik is, is die kerk se omarming van die Nasionale Party se politieke beleid. As Oberholzer oor die standpunt van die NHKA sê dat dit pertinent bewoord is as "ŉ keuse vir 'afsonderlike en gelyke geleenthede'"[23] is hy net halfpad reg – ons sal nou sien dat daar in die kerk se amptelike dokumente algemeen ŉ ondersteuning te vinde is van die beleid van afsonderlike ontwikkeling,[24] wat die Nasionale Party se naam is vir die politieke beleid van "afsonderlike en gelyke geleenthede". Die "native policy of the Union" is eksplisiet verdedig in 1957,[25] toe geargumenteer is dat die beleid nie teen die leer van die Bybel is nie[26] en die kerk weier om deel te neem aan die voortdurende kritisering van die

---

21. "Memorandum aan die Wêreldraad van Kerke", 1960 (voortaan "Memorandum 1960"), *in* Van Wyk (red.), *Stemme uit die Verlede*, pp 195-209 (aanhaling, p 199).
22. "Herderlike Skrywe 1973", pp 271-272.
23. Oberholzer, "Teologiese eie-aardigheid", p 880.
24. "Verklaring van die Nederduitsch Hervormde Kerk", 14 April 1960 (voortaan "Verklaring 14 April 1960"), *in* Van Wyk (red.), *Stemme uit die Verlede*, pp 209-211 (aanhaling, p 210); "Besluit oor afsonderlike ontwikkeling", aanvaar deur die Algemene Kerkvergadering, Mei 1976 (voortaan "Besluit oor afsonderlike ontwikkeling 1976"), *in* Van Wyk (red.), *Stemme uit die Verlede*, pp 272-273; "Memorandum 1960", p 199; "Herderlike Skrywe 1973", pp 259, 261.
25. "Memorandum aan die Wêreldraad van Kerke", 1957 (voortaan "Memorandum 1957"), *in* Van Wyk (red.), *Stemme uit die Verlede*, pp 189-195 (aanhaling, p 190).
26. "Memorandum 1957", pp 191-195.

regering se rassebeleid.[27] Dit lyk vir my uit hierdie en ander voorbeelde asof daar nie altyd onderskei is tussen ŉ verdediging van Artikel III[28] van die kerkwet en ŉ verdediging van die regering se rassebeleid nie, of om die *Herderlike skrywe 1973* se woorde te gebruik:

> Die lewensoortuiging wat in Artikel III vasgelê is, vertoon opvallende ooreenkoms met dié van die Staatsgemeenskap waarvan ons as burgers deel uitmaak. Treffend blyk dit uit die aanhef tot die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika waar gepraat word van "nederige erkentlikheid teenoor die almagtige God, Beskikker oor die lotgevalle van nasies en die geskiedenis van volkere. Wat ons voorgeslagte uit baie lande byeengebring en hulle hier in hulle eie gevestig het. Wat hul weë deur geslagte bepaal het. Wat hulle wonderbaarlik deur gevare gelei het."[29]

Dit is gesê in ŉ konteks waar Artikel III teologies verdedig is (waarby ons nog uitkom). Dat daar ŉ sodanige harmonie tussen die kerkwet en die landswet bestaan het, is inderdaad opvallend, maar hierdie ooreenkomste word nie deur die betrokke teks geproblematiseer nie. In 1976 in die *Besluit oor afsonderlike ontwikkeling* verseker die kerk "die owerheid van sy ondubbelsinnige steun en volgehoue voorbidding in die vervulling van die owerheid se hoë roeping ter bewerkstelliging van ŉ gelukkige toekoms vir alle mense in ons vaderland."[30] So ŉ ondubbelsinnige steun word nie in hierdie dokument gereken as iets wat die kerk "kompromitteer met enige partypolitieke denkrigting wat sy vryheid tot getuienis aan bande kan lê nie."[31]

---

27. "Memorandum 1957", p 195.
28. Artikel III van die kerkwet wat in 1951 aanvaar is en, as artikel rakende lidmaatskap van die NHKA, die kerk se oortuiging oor ras, kultuur en kerk in ŉ neutedop weergee, lui: "Die Kerk, bewus van die gevare wat vermenging van blank en nie-blank vir altwee groepe inhou, wil geen gelykstelling in sy midde toelaat nie, maar beoog die stigting van eie volkskerke onder die verskillende volksgroepe, in die oortuiging dat aldus die bevel van die Here – "Maak dissipels van al die nasies", Mattheus 28:19, die beste tot sy reg sal kom en dat die eenheid in Christus deur so ŉ werkverdeling nie geskaad sal word nie. Tot die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika behoort daarom slegs blanke persone." *Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, 1951, pp 1-2. In 1964 is die term "gelykstelling" vervang met "vermenging". Van Staden het ŉ belangrike bydrae gelewer tot die historiese agtergrond en interpretasiegeskiedenis van hierdie artikel in "Mag 'slegs blankes!' hier aanbid?", *Hervormde Teologiese Studies*, 50, 3, 1994, pp 713-729.
29. "Herderlike Skrywe 1973", p 263.
30. "Besluit oor afsonderlike ontwikkeling 1976", p 273.
31. "Herdelike Skrywe 1973", p 272.

### *a. Teologiese Legitimering van Apartheid*

Dit lê nie die kerk se vryheid tot getuienis aan bande nie, omdat dit (die regering se beleid en/of werkswyse) volkome in ooreenstemming is met die leer van die kerk: "Ons bely en getuig dat ons glo uit die diepste oortuiging van ons siel dat aparte ontwikkeling die enigste, Christelik gefundeerde, regverdige beleid is, vir ons land met sy bevolkingsamestelling."[32] In ŉ kerk met wat sy eie teologiese oriëntasie as Bybels-Reformatories beskryf, is "bely", "getuig" en "glo" tegniese terme waarmee die intiemste verband tussen die gelowige se lewe en die teologiese inhoud wat deur die kerk verkondig word, aangedui word. Net so word daar in 1973 gesê:

> Dit is [die kerk se] oortuiging dat apartheid of afsonderlike ontwikkeling op die basiese beginsel rus dat dit die reg van elke mens is om tot die volste moontlike maat te ontwikkel. Dis die enigste regverdige, eerlike en Christelike beleid en geensins ŉ beleid van onregverdige diskriminasie en onderdrukking nie.[33]

Dit is so omdat die voogdyskap[34] van die "blanke" mense oor die swart bevolking gesien word as "our duty placed upon us by God. With us it is a conviction, an article of faith."[35] Daarom kan die NHKA ook sê: "Die kerk betuig dank vir die ferme instandhouding van die staatsgesag en die eweredige handhawing van wet en orde in ons vaderland deur die owerheid, met besondere verwysing na die beskerming en uitbouing van die reg en vryheid van alle onderdane langs die weg van doelgerigte deurvoering van die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling"[36] en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering wil met nadruk die optrede van die groep teoloë wat in opstand kom teen hulle eie kerk se standpunt in verband met apartheid afkeur en verwerp.[37]

---

32. "Verklaring 14 April 1960", p 210.
33. "Herdelike Skrywe 1973", p 261.
34. Sien "Rapport oor Artikel III" van 1961 (voortaan "Rapport oor Artikel III"), *in* Van Wyk (red.), *Stemme uit die Verlede*, pp 218-242 (hier, pp 221, 227).
35. "Antwoord aan The Free Church", p 213. Oor Artikel III word daar egter gesê dat die Skrif dit nie voorskryf nie, dat dit dus nie ŉ geloofsaak is nie, maar dat dit wel gegrond is in die Skrifgefundeerde geloof – sien "Rapport oor Artikel III", p 231; "Antwoord aan die Presbyterian Church", p 261.
36. "Besluit oor afsonderlike ontwikkeling 1976", p 272.
37. Sien "Persverklaring deur die Algemene Kommissie", 1961 (voortaan "Persverklaring 1961"), *in* Van Wyk (red.), *Stemme uit die Verlede*, pp 213-214 (hier, p 214).

Meer spesifiek, wat het die NHKA dus in die beleid van afsonderlike ontwikkeling gesteun? Volgens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering kon "die verbod op gemengde huwelike, die ontugwet, die maatreëls oor instromingsbeheer en werksreservering, die stelsel van trekarbeid, en die skeiding van maatskappy en kerk ... in ons besondere situasie gehandhaaf ... bly en ook so toegepas ... word dat dit die toets van Christelike maatstawwe kan deurstaan."[38] Die Christelikheid lê dus vir die NHKA nie bloot om die beginsel van afsonderlike ontwikkeling nie, maar ook in die detail van die implementering daarvan en die sosiale situasie wat dit teweeg bring. Daarom word die regering, soos ons hierbo gesien het, bedank vir en aangemoedig tot "ferme en besliste optrede"[39] in ooreenstemming met hierdie beleid. Waar die kerk aanvanklik die vestiging van swart volke in eie tuislande bepleit het,[40] is later ook gevra vir "afsonderlike, verkieslik etnies gegroepeerde woongebiede."[41] Die kerk begryp dat die deurvoer van die program om tuislande en afsonderlike woongebiede te vestig, met opofferings gepaard gaan, maar het 'n beroep op die inwoners van Suid-Afrika gedoen om hulle aan die regering te onderwerp.[42] Vir die onderliggende pretensie aan hierdie oproep, naamlik dat daar dialoog tussen die NHKA en ander sektore van die samelewing (waarvan die swart meerderheid hier besonder relevant is), met ander woorde dat

---

38. "Getuienis 1977", p. 275. Vir detail van die Bybels-teologiese regverdiging van apartheid, sien byvoorbeeld "Memorandum 1957", pp 191-195; "Memorandum 1960", pp 200-203. Hier kan duidelik gesien word dat professor P.M. Venter verkeerd is as hy beweer: "In die Hervormde Kerk is die apartheidsbeleid nie Skriftuurlik onderbou nie ...", maar wel korrek as hy vervolg "... maar pragmaties gesteun vanuit 'n volkskerk konsep en 'n sendingbeleid wat neerslag gevind het in die bekende Artikel III van die destydse Kerkwet." Sien sy origens goed nagevorsde "'n Kerklik-akademiese portret van B.J. van der Merwe (1926-1968): II – Predikant en dosent", in *Hervormde Teologiese Studies*, 55, 4, 1999, pp 1039-1076 (aanhaling, p 1041).
39. "Getuienis 1977", p 275. Dieselfde gesigspunt kom in "Besluit oor afsonderlike ontwikkeling 1976", p 272, voor, maar is geformuleer voor Junie 1976. Uiteraard is die bevestiging van hierdie standpunt na Junie 1976 veelseggend en die dank wat uitgespreek word vir die "ferme instandhouding van die staatsgesag en die eweredige handhawing van wet en orde", kan gelees word as 'n implisiete kondonering van die Soweto-gebeure.
40. Byvoorbeeld "Memorandum 1960", p 199.
41. "Besluit oor afsonderlike ontwikkeling 1976", p 273.
42. Sien byvoorbeeld "Besluit oor afsonderlike ontwikkeling 1976", p 273: "Die kerk ... roep alle mense, maar in besonderheid alle gelowiges, in Suid-Afrika op tot die bereidwillige bring van al die offers aan gewin, genot, gemak, gerief en selfs persoonlike geluk, wat ter versekering van so 'n gelukkige toekoms vir alle mense in Suid-Afrika deur die owerheid van hulle gevra mag word."

hierdie oproep dus werklik tot die breër samelewing gemaak is, is daar egter geen bewys nie.

### *b. Historiese Legitimering*

Waar kom die noodsaak vir hierdie opofferings vandaan? Afgesien daarvan dat dit nie-strydig met die Christelike leer is, word dit uit die geskiedenis geregverdig.[43] Hierdie verhaal begin in die Bybel, by God wat die verskillende etniese groepe van mekaar geskei het en aan elkeen ŉ spesifieke identiteit gegee het.[44] Hier in Afrika het die Europeërs aangekom om as voog vir die swart volke op te tree en hulle tot op dieselfde beskawingspeil te bring.[45] Sodoende het ŉ unieke situasie tot stand gekom. Die omstandighede in Suid-Afrika is nie vergelykbaar met wat elders gebeur het nie.[46] Vandaar dan ook die eiesoortige probleme waarmee die Hervormer as Afrikaner gekonfronteer is. Ook die Suid-Afrikaanse volkeplasing sou eiesoortig wees – daar is onderskeidelik ŉ wit grondgebied en ŉ swart grondgebied,[47] daarom kon die ontwikkeling van aparte volke volgens die beleid van afsonderlike ontwikkeling werk. Wat die "blankes" en hulle grondgebied betref, moet in gedagte gehou word dat hulle in ŉ onbewoonde gebied ingetrek het. Die *Mfecane*-teorie is in hierdie historiese perspektief as korrek beskou.[48] Hulle is wel ŉ mengsel (kultureel en biologies) van Engelse, Nederlanders, Duitsers, Franse, ensovoorts, maar het ŉ spesifieke identiteit en maak min of meer ŉ homogene volk/kultuurgroep uit. Hulle identiteit is deur die geskiedenis gevorm en in die besonder deur gebeure soos die Groot Trek (die NHKA is soms die Voortrekkerkerk genoem), emansipasie van die Britse

---

43. Hierdie historiese argument stem in wese ooreen met dié wat die Afrikaner aangevoer het vir sy aanspraak op grond in Suid-Afrika – sien Giliomee, *The Afrikaners*, p 466.
44. "Memorandum 1960", p 201. Hierdie punt sou natuurlik ook as deel van die teologiese regverdiging beskou kon word. Afgesien van Deuteronomium 32:8 en Handelinge 17:26 en 27, is hier gesteun op Genesis 10 en 11 – die storie van die toring van Babel wat die NHKA hier gebruik het (sien ook "Memorandum 1957", p 191), het deel uitgemaak van die eerste teologiese verdediging van apartheid (deur J.D. du Toit van die Gereformeerde Kerke) en is later op dieselfde wyse gebruik deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Hierdie interpretasie, waarvan die wortels minstens tot die agtiende eeu teruggaan, was ook in Skotland en Amerika in die agtiende en negentiende eeu bekend en het blykbaar ook by D.F. Malan byval gevind. Sien hieroor Giliomee, *The Afrikaners*, pp 462-463.
45. Sien "Antwoord aan Presbyterian Church", pp 216-218.
46. Byvoorbeeld "Memorandum 1957", p 189; "Verklaring 14 April 1960", p 211; "Herderlike Skrywe 1973", p 258.
47. Sien "Antwoord aan The Free Church", p 212.
48. Sien byvoorbeeld "Memorandum 1957", p 190.

oorheersing, botsings met die swart volke, twee geloftes en hulle antwoorde by Bloedrivier en Amajuba,[49] die aanslag op Suid-Afrika deur die kommuniste, die gebeure by Cottesloe, ensovoorts.

Uit die temas wat hier geïdentifiseer is, behoort te blyk dat die NHKA die verhaal van bevryding van die Afrikaner gesien het as ongeveer dieselfde verhaal as dié van die kerk. Dit is ŉ verhaal waarby God ook ingetrek is, en waarvoor daar ook kerklike feesdae gereël is (byvoorbeeld Geloftevierings). Die teologisering van die geskiedenis het tot die regverdiging van die volkeverhoudings in die land bygedra, wat beteken dat die kerk/volk se storie verpolitiseerd geraak het. Met ander woorde, die ontwikkeling in die selfverstaan van die Hervormer as Afrikaner het dieselfde kontoere as die ontwikkeling van Afrikanernasionalisme tot ŉ volksnasionalisme, waaraan die NHKA teologies legitimerend deelgeneem het, gevolg.

### *c. Subteks?*

Die kerk se steun aan die heersende party en die amptelike beleid het ook van ander oorde gekom, waarvan daar nie sprake sal wees in amptelike dokumente van die NHKA nie, maar waarna kortliks verwys moet word omdat ŉ teks-immanente benadering dit uit die oog kan verloor.

Lidmaatskap van die Broederbond is onder meer bepaal deur die sosiale posisie wat kandidaat-lede beklee het, asook die kerkverband van sulke persone. Dit blyk dat bepaalde lede geïdentifiseer is op grond van hulle invloedryke kerklike posisies. Dit is dus as ampsdraers van die NHKA dat predikante tot lidmaatskap van die Broederbond uitgenooi is en as lede gedien het. Deur hierdie dubbele affiliasie kon hulle dus meewerk aan die Broederbond se projek vir "die skepping van eenvormigheid van denke onder Afrikaners, die stimulering van nasionale selfbewustheid onder Afrikaners, die behoud van identiteit en die bevordering van die belange van die Afrikanervolk", met ander woorde "om alle aspekte van die Afrikaner se lewe te integreer en om beheer oor Suid-Afrika te verkry en te behou."[50] Terwyl Giliomee maan teen ŉ oorskatting van die Broederbond se invloed[51], is hy byvoorbeeld duidelik oortuig dat dit ŉ georkestreerde en bepalende invloed op die afloop van die Cottesloe-sage uitgeoefen het deur die aktivering van sy predikantslede.[52]

---

49. Oberholzer, "Teologiese eie-aardigheid", pp 881-882.
50. Volgens Degenaar, "Afrikaner-nasionalisme", pp 249, 251.
51. Giliomee, *The Afrikaners*, p 581.
52. Giliomee, *The Afrikaners*, pp 527-528.

Laasgenoemde blyk weerklank te vind in die verklaring van professor Albert Geyser. Nadat hy in 1963 dokumente van die Broederbond aan die *Sunday Times* gelek het, het hy in ŉ persverklaring die volgende beweer:

> What I read in these documents convinced me in an increasing measure that a man could not belong to the Broederbond and the Church. Among those I read were pieces that contained interpretations of the Scriptures and their application that served the ideology of the Broederbond, but which rendered unrecognisable the demands of the Bible for neighbourly love, justice and humanity. My immediate observation was that these people were making the Church, which is the Bride of Christ, a handmaiden of politics.[53]

Dit blyk dus nodig te wees om rekening te hou met ŉ sub-teks in die kerklike dokumente (al kan dit nie in die teks as sodanig afgelees word nie), wat beteken dat die tekste wat ons hier bekyk resoneer met ideologiese aktiwiteite wat van buite af op die vorming daarvan ingewerk het. ŉ Verdere studie behoort hierdie onderwerp in meer diepte te ondersoek.

As die verhouding tussen die NHKA en die heersende party en ideologie tot ongeveer 1980 onproblematies gebly het, moet daar tog bygevoeg word dat daar geleidelik ŉ meer versigtige beeld van die kerk/staat-verhoudings voorgestel is.[54]

## ŉ Raskerk vir ŉ Rasnasionalisme

Ons het reeds gesien dat die NHKA sy verhouding (dit wil sê, die verhouding van Afrikaners) tot die swart bevolking verstaan het as ŉ taak

---

53. Aangehaal uit die berig hieroor in die *Rand Daily Mail*, 20 November 1963. Die agtergrond en afloop van hierdie insident word bespreek in: C. Ryan, *Beyers Naudé. Pilgrimage of faith* (David Philips, Cape Town, 1990), pp 86-90. Die sages van Cottesloe en Geyser het ook baie publikasies uit die NHKA se eie geledere ontlok, waarvan die volgende genoem kan word: D.J.C. van Wyk, "Prof. dr. A.D. Pont: ŉ Waardering van sy lewe en werk", *Hervormde Teologiese Studies*, 48, 3&4, pp 515-574 (Veral pp 528-531); D.J.C. van Wyk "Nawerkinge van die Cottesloeberaad van die Wêreldraad van Kerke", *Hervormde Teologiese Studies*, 39, 1984, pp 44-64; A.D. Pont, S.J. Botha, J.M.G. Storm, *Gedenkalbum 1886-1986 van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in woord en beeld* (NHW-Pers, Pretoria, 1986), pp 86-87; Venter, "ŉ Kerklik-akademiese portret van B.J. van der Merwe"; Wolmarans "Skuldbelydenis oor apartheid", pp 10-11.
54. Tekenend hiervan is *Kerk en Wêreld 2000*, (Kital, Pretoria, 1985). Sien veral pp 4-6 en 13-23.

van voogdyskap. Die kerk het dit duidelik gemaak dat daar geen sprake van meerderwaardigheid van die Afrikaner teenoor ander volke was nie[55] en dat die beleid wat ondersteun is veronderstel sou wees om te lei tot die selfvervulling van ander volke eerder as tot krenkende of vernederende optrede.[56] Tot watter mate hierdie sienings geskoei is op onkunde of opsetlike blindheid, is ŉ vraag wat nie nou beantwoord hoef te word nie. Waarop daar wel gelet moet word, is dat dit in harmonie is met die perspektief wat in die Nederduitse Gereformeerde-sendingbeleid uitgewerk is en wat die voedingsbodem vir die beleid van afsonderlike ontwikkeling was, aldus die Giliomee-interpretasie waarna reeds verwys is.

Dat die wyse waarop daar aan hierdie beleid gestalte gegee is, hoe langer hoe meer Afrikanernasionalisme tot ŉ rasnasionalisme laat word het, is aan die begin van hierdie ondersoek gestel. Daarmee word natuurlik allermins beweer dat die ongemaklike verhouding tussen Afrikaners en swartmense ŉ resente ontwikkeling is. Wat is die NHKA se perspektief op hierdie saak? P.S. Dreyer meen die "houding van die Afrikaners teenoor die nie-blankes was egter klaar gevorm" rondom die tyd van die Groot Trek, maar ten spyte van die moeilike verhouding het die Afrikaner "die Swartes nooit as politieke of kulturele bedreiging gesien nie."[57] Hierdie oortuiging lyk vir my uiters betwyfelenswaardig. Giliomee dui aan dat die vraag oor oorlewing van die Afrikaner (keerkant van bedreiging) ŉ *leitmotiv* in die Afrikaner se politieke denke in die twingste eeu en veral onderliggend aan apartheid was.[58] Wat die historikus oor die Afrikaners sê, stem ooreen met die selfverstaan van die NHKA soos dit verwoord is in sy amptelike dokumente. Artikel III van die kerkwet wat oor die hele tydperk waaroor ons ondersoek gaan, van

---

55. Sien "Herderlike Skrywe 1973", p 263; "Getuienis 1977", p 278.
56. Byvoorbeeld "Christelike verantwoordelikheid en menseverhoudings in Suid-Afrika", ŉ besluit van die Algemene Kerkvergadering van Mei 1976 (voortaan "Christelike verantwoordelikheid"), *in* Van Wyk (red.), *Stemme uit die Verlede*, pp 273-274; "Getuienis 1977", pp 274-277.
57. P.S. Dreyer, "Koers(e) in die Afrikaner se geskiedenis", *Hervormde Teologiese Studies*, 54, 1&2, 1997, pp 226-244 (aanhalings, pp 229, 241).
58. Sien Hoofstuk 13 van *The Afrikaners*, wat juis die naam dra "The making of a radical survival plan", p 461: "The peculiar feature of apartheid as an ideology was its attempt to reconcile the demands for white survival and justice." Kyk ook op p 470: "Afrikaner nationalists argued that their *survival* as a volk was inseparable from maintaining racial exclusivity, and that apartheid was the only policy that systematically pursued that end. But apartheid with its racist outcomes was not a goal in itself; political *survival* was" (outeur se kursivering).

krag was, sê dat die kerk bewus is van die gevare wat gelykstelling[59] tussen "blank" en "nie-blank" vir albei groepe inhou. ŉ Mens sou kon sê dat die artikel gebore is uit vrese vir wat kan gebeur as gelykstelling/vermenging toegelaat word. Die NHKA benadruk ook die bedreiging wat die getalle-wanbalans in Suid-Afrika vir minderhede sou inhou,[60] asook die bedreiging van pan-Afrikanisme en kommunisme.[61]

Dit is opvallend, in die artikel maar ook elders, hoe dikwels die term "blank" vir Afrikaners gebruik word of dat daar ŉ onproblematiese gebruik van die term "blank" in kulturele kontekste is. Omdat die NHKA ŉ *volk*skerk is en dieselfde vir ander *volke* gun,[62] behoort daar tot die NHKA net *blanke* mense; of "the formation of a multi-*racial* integrated society ... will lead inevitably to the destruction of the existing *cultural* entities."[63] Dit blyk dus dat die sinonimie tussen "Afrikaner", "volk" en "blank" wat hier gebruik word, vra dat die gedagte van ŉ "volkskerk" eweseer as ŉ "raskerk" verstaan sal word. Die volkskerkgedagte steun op ŉ volk of dan eintlik ŉ ras se spontane begeerte om ŉ identiteit te hê wat beskerm word, sodat dit in vryheid geniet kan word, maar wat van mense wat nie so ŉ goedgevormde rasidentiteit het nie – die kleurlinge? Wat die posisie van die kleurlinge in die Suid-Afrikaanse rassebedeling betref, was die kerk van mening dat "indien hulle sou strewe na ŉ eie afsonderlike identiteit en aanspraak maak op dieselfde as wat die Blanke en swart volkere vir hulleself opeis, die noodsaaklikheid van beskermende maatreëls van hierdie aard [vir hulle ook] duidelik sal wees."[64]

Blykbaar bring vermenging met ander "blanke" groepe nie dieselfde probleme mee as die vermenging en gelykstelling van rasgroepe nie – dít ten spyte van die onaangename herinneringe van anglisering in die Afrikaner se verlede. In die middel-1970's toe Afrikaans- en Engelssprekende witmense al tot ŉ sekere mate geïntegreer is in Suid-Afrika, het die kerk aangedring by "alle inwoners van Suid-Afrika ... om te waak teen die magte wat deur die vernietiging van afsonderlike

---

59. "Gelykstelling" funksioneer ook in die Nederduitse Gereformeerde Kerk as tegniese term vir die vermenging van verskillende rasse op sosiale en biologiese vlakke. Sien Giliomee, *The Afrikaners*, pp 459, 462; "Rapport oor Artikel III", pp 225-226.
60. Sien byvoorbeeld "Memorandum 1960", p 196.
61. Sien byvoorbeeld "Memorandum 1960", pp 203-204.
62. Giliomee wys ook op die belang van die woord "gun" in die nasionalistiese terminologie – sien *The Afrikaners*, p 468.
63. "Memorandum 1960", p 196 (outeur se kursivering).
64. "Getuienis 1977", p 279.

identiteite [wat dus na rasidentiteit moet verwys] en die bevraagtekening van gesonde Christelike en kulturele waardes, in ons land geestelike en fisiese chaos wil skep"[65] en die kerk

> Herbevestig sy oortuiging dat die behoud van die *onderskeidende identiteit van verskillende rassegroepe* in die beste belang van die voortgang van die evangelie ... is, en dat die bewaking van hierdie identiteit op kulturele, maatskaplike en biologiese terrein derhalwe uitdrukking is van die hoogste Christelike verantwoordelikheid vir die toekoms van alle mense.[66]

As dit ŉ "uitdrukking is van die hoogste Christelike verantwoordelikheid vir die toekoms van alle mense" om die onderskeidende biologiese kampe van vermenging te bewaar, dan veronderstel dit ŉ konsepsie van suiwer rassegroepe wat steeds bestaan. Hoe het dit gebeur dat die Afrikaner "blank" gebly het? Oënskynlik is dit ŉ wonderwerk, want "As daar ooit ŉ volk was by wie se ontstaan al die faktore en omstandighede aanwesig was wat moes veroorsaak dat hy nie Blank gebore sou word of Blank sou bly nie, dan was dit seker die Afrikaner. Dat dit nie gebeur het nie en dat ons is soos ons is, kan alleen, so glo ons, teruggevoer word na die wil van Hom wat beskik oor nasies en hulle lotgevalle."[67] Of al die faktore van vermenging – dit wil sê, voortdurende seks met swartmense – werklik aanwesig was by die Afrikaners en dat hulle onwaarskynlike, wonderbaarlike "blankheid" dus by ons die geloof in ŉ *Deus contracepticus* moet wek, daaroor is ek nie bevoeg om uitsluitsel te gee nie. Hoe dit ook al sy, die konsepsie van suiwer rassegroepe, hoe problematies dit ook mag wees, is deur die NHKA gebruik. En die bestaan van ander rasse gee aanstoot:

> ... racial appurtenance as different as that of these two components [black and white] can only be eliminated by generations of intermarriage. In the meantime the social visibility resulting from difference in physical type forms a strong deterrent to mutual acceptance.[68]

Soos ons egter gesien het, het die Afrikaner, volgens die *Herderlike Skrywe 1973*, deur God se beskikking as "blanke" volk onstaan. Aan hierdie volk het God ŉ bepaalde identiteit, aard en wese as gawe geskenk. Aangesien die NHKA "eintlik *al voor die geboorte van die Afrikanervolk*

---

65. "Getuienis 1977", p 276.
66. "Getuienis 1977", p 274 (outeur se kursivering). Sien ook "Herderlike Skrywe 1973", p 260-261.
67. "Herderlike Skrywe 1973", p 262.
68. "Memorandum 1960", p 196.

*baie nou met hom verbonde was*" en "in die gestalte van ŉ *apostel*" is wat "ŉ Afrikaner vir die Afrikaner geword het", deel hy die kenmerke van die volk. Daarom is die NHKA ook Afrikaans en ook "blank". Aangesien die eie aard van die volk ŉ besondere Godgegewe gawe is, sal niemand "die kerk wat so nou verbonde is aan hierdie volk kan verkwalik of van on*skriftuurlikheid* beskuldig as hy die eiendomlike wat God aan die volk, uiterlik en innerlik, gegee het, wil bewaar, beskerm en bestendig nie."[69] Oor die kerkregtelike kriteria wat as agtergrond vir hierdie band kerk-volk/ras dien, en wat in die woord "onskriftuurlik" in die vorige aanhaling reeds ter sprake was, het die NHKA vroeër reeds die volgende beginsel verklaar:

> In sy beoordeling van die situasie laat die kerk hom, ten opsigte van sy reg en orde in die eerste plek lei deur die *Heilige Skrif*, daarna deur die voorbeeld van die *apostels* en ten slotte ook deur die voortdurende *gewoonte van die kerk*. Dit is volgens die *Convent van Wezel* van 1568, die bronne van die kerklike reg.[70]

Volgens hierdie drie kriteria word die kerk dus toegelaat om die eienskappe van die volk/ras op die kerk oor te dra. Kerk en "blanke" ras is op besondere wyse deur God geseën, is draer van die Westerse beskawing, is in die verantwoordelike posisie van voogdyskap oor die swart ras, is besit gegee van bepaalde grondgebied. Omdat God self mense in verskillende etniese of rassegroepe van mekaar afgesonder het,[71] moet Sy optrede nageboots of gerespekteer word deur ook die afstand tussen rasse te hou. God is ŉ partikularis, nie ŉ universalis nie, daarom is die NHKA dit ook en daarom verwerp die NHKA "as onversoenbaar met Christelike verantwoordelikheid enige reëling of optrede op welke terrein ookal waar die samesyn van lede van verskillende rassegroepe geen ander doel dien nie as die blote beoefening van vermenging of blote familiariteit, waardeur die eerbiediging van mekaar se eiesoortigheid afgetakel, en sodoende ŉ gunstige klimaat vir kulturele, sosiale en uiteindelik bloedvermenging geskep word."[72] In lyn

---

69. Al bogenoemde aanhalings kom uit die "Herderlike Skrywe 1973", pp 262-263 (outeur se kursivering).
70. "Rapport oor Artikel III", p 225 (outeur se kursivering).
71. Soos ons reeds gesien het, byvoorbeeld in "Memorandum 1960", p 201.
72. *Christelike verantwoordelikheid*, p 274. Die retoriek van hierdie teks leer ons waarskynlik net soveel as die inhoud daarvan – die beoefening van "die samesyn van lede van verskillende rassegroepe wat *geen ander doel* dien nie as die *blote* beoefening van vermenging of *blote* familiariteit, waardeur die eerbiediging van mekaar se eiesoortigheid afgetakel ... word", is onversoenbaar met Christelike verantwoordelikheid, maar wat as dit ŉ ander doel dien (soos byvoorbeeld die toevallige gesamentlike erediensbywoning,

met hierdie perspektief sien die kerk gevolglik in die versoek dat swart werkers wat in wit woongebiede bly, eredienste van die NHKA kan bywoon "die speerpunt van die aanslag waardeur die liberalisties-humanistiese vryheidswolwe [sic] in kerklike skaapsklere ook sou kon insluip om die verwerplike verpolitiseringsproses aan die gang te sit."[73] Hieruit volg logies dat sulke swartes aangemoedig moet word om van die samekomste van die gemeente af weg te bly ter wille van die geslaagdheid van (by implikasie) afsonderlike ontwikkeling.[74]

Watter voordeel trek die kerk uit die legitimering van die kulturele, staatkundige, sosiale en goddelike hierargieë wat op die konsepsie van ŉ rasvolk gebou is? Dit is die politiese, ekonomiese, kulturele en ander voordele daaraan verbonde om ŉ rasnasionalisme ideologies te regverdig in ŉ plurale samelewing. As my lesing van ŉ aspek van die kerklike werklikheidsbeskouing reg is, het ons rede om Oberholzer se kritiese vrae te deel:

> [Dit] gaan oor lidmate en ampsdraers wat die gesag van die kerk en teologie agter hulle eie politieke opvattings wil inspan, die gevaar dat die kerk uit eie reaksie sy nugterheid mag verloor, die politisering van artikel III ... die gevaar van volksteologie en apartheidsteologie, die voorhou van die volkskerkgedagte asof die wese van die kerk daarin geleë is, ensovoorts.[75]

## Samevatting

Die voorafgaande bespreking wat gefokus het op die NHKA se selfverstaan, het aan die lig gebring dat die kerk haarself deel voel van die Afrikaner se verhaal van die verkryging van selfbeskikking – Afrikanernasionalisme in die wyer sin. Die deelname hieraan is ŉ verstaanshorison waaruit die NHKA moeilik breek, ook omdat dit deur vrese, vreugdes, aspirasies, begeertes en identiteit van indiwidue se persoonlike lewensverhale gevorm is. Die

---

waar gelowiges uit verskillende rassegroepe in dieselfde omgewing woon) – is dit dan tog in lyn met Christelike verantwoordelikheid? Waarom word hierdie opsie nie oorweeg nie? Wil die kwalifiserende relatiewe bysin "waardeur die eerbiediging van mekaar se eiesoortigheid *afgetakel* ... word" impliseer dat die "blote beoefening van vermenging of blote familiariteit" noodwendig sal lei tot die skending van mekaar se eiesoortigheid? Indien dit wel die bedoeling is, berus die uitspraak op onkunde, oordrywing of opsetlike wanvoorstelling van die werklikheid? Indien dit nie die bedoeling van die bysin is nie, word dit onduidelik waarom "die blote beoefening van vermenging of blote familiariteit" in stryd is met Christelike verantwoordelikheid.

73. "Herderlike Skrywe 1973", p 270.
74. "Herderlike Skrywe 1973", pp 270-271.
75. Oberholzer, "Teologiese eie-aardigheid", p 884.

gedeelde lot van die NHKA met die volk en die ras fasiliteer die kerk se meewerk aan die skepping en instandhouding van volksmites en -helde (en die ritualisering daarvan, byvoorbeeld Geloftevierings en die mitologisering van die vyand – kommuniste, swartmense, die Wêreldraad van Kerke, London Mission Society, ensovoorts). Die NHKA se identifisering met Afrikanervolksnasionalisme kom tot uitdrukking in die onderskrywing van die heersende party se politieke beleid, min of meer tussen die jare 1950 en 1980. Hierdie band met die volksnasionalistiese regering het gelei tot die verpolitisering van die kerklewe. Dit sluit pogings in om dissidente stil(ler) te maak.

In dié proses het die NHKA hom van soortgelyke en/of dieselfde metanarratiewe as die regeerders en sy bondgenote (by name die Nederduitse Gereformeerde Kerk) behelp, en het dus opsetlik en/of onopsetlik in die hande van die Nasionaliste, wat probeer het om beheer oor die groot volk/rasverhale uit te oefen, gespeel. Anders gestel, dieselfde (implisiete, maar soms eksplisiete) afspraak wat tussen die lede van die volk bestaan, bestaan tussen die lede van die kerk en dieselfde taalspele word gespeel met die oog op dieselfde doeleindes. Hierdie afspaak, nadat dit eers daargestel is, word deur stilswye bevestig. Dit alles beteken dat, wat ook al ŉ mens se evaluering van die werkswyses en optredes van die vorige regering is, die NHKA daartoe steun gebied het. Dit lyk waarskynlik dat die kerk ook deur sekere persone (as lede van geheime organisasies) as Trojaanse perd vir bepaalde politieke doeleindes gebruik is.

Die geleidelike klemverskuiwing in die Afrikaner se identiteitsdenke van volk na ras, kom ook so in die NHKA voor. Deur die herhaling van die rasnasionalistiese paradigma deur die kerk, is sekere optredes van die regering en voorregte (onder meer ekonomies en kultureel) van die NHKA daardeur gelegitimeer.

Die NHKA het aan al hierdie dinge godsdienstige sanksionering verleen, dit wil sê, Afrikanerrasnasionalisme is op Bybels-Reformatoriese grondslag, legitimerend ingebed in ŉ groot verhaal van God en die mense/volk/ras. Hierin kom daar belangrike ooreenkomste met die werkswyse van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op dieselfde terrein voor. Die resonansie geld ook vir die historiese regverdiging wat die NHKA aan die apartheidsideologie verleen het.

## Opsomming

Hierdie artikel ondersoek die ondersteuning wat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) aan die apartheid ideologie gegee het. Amptelike dokumente van hierdie kerk word gelees binne die raamwerk van die aksentskuif wat in Afrikanernasionalisme plaasgevind het. Daar word ook aandag gegee aan die eenheidsperspektief op volk en kerk, en later op ras en kerk. Die teologiese en historiese legitimering van apartheid en van die kerk se eie rasgebaseerde kerkwet dra verder by tot ʼn begrip van die kerk se ideologiese praktyk.

## Abstract

### Anatomy of a Theological Ideology: Support of the "Nederduitsch Hervormde Kerk" for the Ideology of Apartheid

This article explores the support of the "Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika" (NHKA) for the ideology of apartheid. Official documents of this church are examined within the framework of changing accents in Afrikaner nationalism. Attention is also given to the unitary vision of people (volk) and church, and later of race and church. The theological and historical legitimisation of apartheid and of its own racial church law further the understanding of this specific church's ideological practice.



### Sleutelwoorde

Afrikaners; apartheid; Giliomee; nasionalisme; Nederduitsch Hervormde Kerk; rassisme; teologie.

### Key words

Afrikaners; apartheid; Duch Reformed Church; Giliomee; nationalism; racism; theology.